# SES Sal Sterf

deur
Gys van Graan

PRONKBOEKE



SWERWER – SPEURDER

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Koelbloedige Moord ... ... ... | 5 |
| 2. Gedwarsboom ... ... ... ... | 18 |
| 3. Waar is Loetoe? ... ... ... ... | 30 |
| 4. In die Moerasse ... ... ... ... | 37 |
| 5. Tweede Slagoffer ... ... ... ... | 48 |
| 6. 'n Leidraad ... ... ... ... | 58 |
| 7. Dwaalspoor ... ... ... ... | 61 |
| 8. Skote Klap ... ... ... ... | 78 |
| 9. Die Gereg Gryp in ... ... ... | 88 |
| 10. Valse Voorwendsels ... ... ... | 98 |


Hoofstuk 1

## KOELBLOEDIGE MOORD

DIE groot Ford kom met skreeuende remme op die hoek van Eloff- en Commissionerstraat afgepyl. Voetgangers op pad bioskoop of na ander vermaaklikhede toe gil verskrik en spat in alle rigtings. 'n Vrou struikel en word platgestamp in die pad van die voortsnellende voertuig. Krete klink op uit die skare, maar hulle staan verstar.

Obed de Swardt span sy kragtige spiere soos 'n jagluiperd saam en duik sierlik deur die lug. Hy trek sy knieë teen sy bors vas en kom langs die uitgestrekte vrou op sy voete te lande. Hy raap haar in sy arms op en rol uit die pad van die motor. Die gevaarte slinger rakelings by hom verby, klim oor die sypaadjie en brul met toenemende spoed in Commissionerstraat af.

Bande swiep oor die teerpad soos motors tot stilstand ruk. Toeters kerm. Mense roep verbouereerd boontoe. Eensklaps skril 'n polisiefluitjie en dan huil 'n sirene skerp deur die rumoer.

Toe Obed die vrou op die oorkantse sypaadjie neerlê, is Tessa van Wyk en Albert Uys reeds by. Tessa kyk hom met vrees-wye oë aan. Hy glimlag gerusstellend onderwyl Albert langs die vrou kniel en, soos dit 'n dokter betaam, 'n vlugtige ondersoek doen.

„Geen bene gebreek nie," merk die dokter op.

„Ek het Eau de Cologne," sê 'n vrou onder die omstanders en bied Albert 'n botteltjie aan.

Hy smeer die reukwater aan die vrou se polse en slape en haar ooglede fladder oop. Sy staar vreesbevange, maak dan weer haar oë toe en droë snikke laat haar lig-

gaam ruk. Albert praat sag met haar. Iemand het gaan water haal by die kafee 'n entjie daarvandaan en terwyl hy haar kop oplig, laat Albert die vrou stadig drink.

'n Man kom tussen die mense deur. Met 'n bekommerde uitroep kniel hy langs die vrou. Sy val teen hom aan en begin weer onbedaardelik snik. Vertroostend gly sy hande oor haar kop. Hy kyk na Albert.

„Wat het gebeur?" vra hy. „Ek het net ons motor gaan parkeer. Toe ek die mense hier sien saamdrom, kyk ek wat aangaan en sien my vrou op die paadjie lê. Sy is nie 'n vrou wat flou word nie."

'n Klompie van die omstanders probeer verduidelik. Hul stemme verdring mekaar en verwar net die man. Hy kyk verslae om hom rond en dan amper smekend na Albert. Die dokter beduie iets en die twee mans tel die vrou op.

„Kom ons neem haar na 'n bioskoop se kleedkamer," sê Albert.

Die naaste bioskoop is in dieselfde blok en dit duur nie lank voordat die vrou op 'n rusbank in die dameskleedkamer lê nie. Die paar dames wat daarin is toe die twee mans met die vrou in hul arms binnekom, staan nuuskierig nader. Albert vertel hulle dat hy 'n dokter is en vra dat hulle asseblief nie om die vrou moet saambondel nie. Ietwat afgehaal, staan hulle terug, hul blikke vraend op die vrou.

Die man bedank Albert stamelend, maar die dokter val hom in die rede. „Jy is by die verkeerde man, meneer," sê hy, en kyk dan om hom rond. Tessa van Wyk staan net binne die deur, maar van Obed is daar geen teken nie. „Waar is Obed?" vra Albert toe sy blik op Tessa val.

„In Eloffstraat op," antwoord sy met 'n glimlaggie om haar mooi mond en trek haar skouers op asof Albert so iets eintlik moes verwag het.

„En Klara?" vra die dokter.

„Drink 'n koeldrankie in die voorportaal. Skok," sê sy en glimlag breër.



Nadat Albert weer vlugtig na die vrou gekyk het, verseker hy haar man dat daar niks is wat hy verder kan doen nie. Hy raai hom egter aan om sy vrou dadelik huis toe te neem en in die bed te sit. 'n Kalmeermiddel en slaap is ál wat sy nodig het. Toe stap hy en Tessa saam die vertrek uit. In die voorportaal sluit Klara Dirks, dr. Albert Uys se blondekop-nooientjie, by die twee aan.

„Hoe lyk sy?" wil Klara weet.

„Flouerig, maar herstel vinnig," antwoord Albert half ingedagte. „Kom ons gaan kyk waar Obed is," stel hy voor.

Met die twee nooientjies weerskante van hom vleg hy tussen die mense deur in Eloffstraat langs in die rigting van die stasie—die rigting waarin Tessa Obed sien gaan het. Hulle is reeds oor Pritchardstraat sonder om Obed te gewaar toe Tessa plotseling uitroep: „Daar is Ekkie Eksteen!"

Speurder-sersant Eksteen het hulle ook gewaar en staan hulle voor 'n groot juwelierswinkel en inwag. Op die glasruite agter die stewige tralies is die naam van die eienaar duidelik sigbaar. 'n Bekommerde trek huiwer oor Tessa se aanvallige gelaat toe sy die naam lees. Sy ken die eienaar—mnr. Coen de Braal—en weet dat as iets met hom gebeur het, Obed de Swardt geen rus of duurte sal ken voordat die boosdoeners aan die man gebring is nie.

„Naand," groet Ekkie amper kortaf. „Waar is Obed? Reeds binne?" wil hy weet, onderwyl hy deur die glasruite na binne probeer loer.

„Seker soos gewoonlik die polisie voor," kom dit droogweg van Albert.

Die sersant kyk hom 'n oomblik kwaai aan en beveel die drie dan kortaf om buite die winkel te bly. 'n Kort mannetjie met 'n swart dokterstassie in sy hand kom haastig verby, steek vas toe hy die sersant gewaar en groet. Albert herken hom as een van die distriksgeneeshere, maar voordat hy sy kollega nog behoorlik kan groet, wink sers.

Eksteen en stap die winkel binne met die dokter op sy hakke.

„Sulke ongepoetsheid!" roep Klara verontwaardig uit.

Albert glimlag en wil iets sê, maar sy stem gaan verlore in die geknars van remme op die straat agter hulle. 'n Ambulans kom langs die sypaadjie tot stilstand en twee mans in uniform spring uit met 'n draagbaar tussen hulle. Hulle stap vinnig oor die sypaadjie en verdwyn ook by die winkeldeur in. Albert staan nader en probeer by die deur inloer. Dit swaai oop en die twee ambulansmanne kom uit. 'n Gedempte gil ontsnap Tessa toe sy die persoon op die draagbaar herken. Albert se hand sluit vertroostend om haar arm, onderwyl hy saggies fluit.

„Dis Roelf de Braal . . . oom Coen se enigste seun," fluister Tessa.

Albert hoor haar nie eens nie. Hy ken ook die De Braals, maar hulle is eintlik Obed se vriende en hy weet net so goed soos Tessa hoe Obed oor sy vriende voel. Boonop kan enige vorm of sweem van misdaad hom in 'n onverbiddelike jagter laat verander, en hy sal alles inspan om die misdadiger vas te pen en aan die gereg uit te lewer. Nie dat Obed ooit betaling vir sulke werk verlang of verwag nie. Die opwinding van die ondersoek, om sy verstand teen dié van die boosdoener te stel, is genoeg beloning vir hom. Geen wonder dat selfs die polisie hom as die beste private speurder beskou nie.

„Is hy dood?" vra Tessa huiwerig toe Albert terugkom van die ambulans waarheen hy die draagbaar gevolg het.

Albert haal sy skouers op en kyk vinnig na die deur wat oopswaai. Obed verskyn saam met sers. Eksteen. Die twee is in druk gesprek.

„Goed, Obed," sê Ekkie half ongeduldig. „Ek weet Roelf was een van jou beste vriende en dat jy sy pa al jare ken. Maar ons weet wie die skuldiges is en sal hulle vang. Dis óns werk."

„Ek stry nie, Ekkie," antwoord Obed met 'n effense glimlag, maar Tessa kan sien dat sy oë stroef bly en geen teken van die lag om sy sterk mond toon nie. „Maar ek het die oubaas beloof . . ."



„Om sy seun se moordenaar soos 'n hond dood te skiet!" roep die sersant heftig uit. „Wil jy self 'n moordenaar word omdat 'n man wat soos 'n waansinnige te kere gaan, jou dit vra?"

„Dít het ek nie gesê nie," gaan Obed bedaard voort. „Ek wil net toesien dat Roelf se moordenaar so gou as wat menslik moontlik is sy verdiende loon ontvang."

„En mnr. die Swerwer-speurder sien kans om die ganse Suid-Afrika, en dalk nog oorkant die grense ook, die land alleen-alleen te fynkam om 'n bende roekelose en koelbloedige eendsterte op te spoor," kom dit amper smalend van Ekkie, wat duidelik onthuts is omdat sy ou rugbymaat so 'n onbesonnenheid wil aanvang. „As jy wil saamwerk en die baas het geen beswaar nie, is jy soos gewoonlik baie welkom, Obed," sê hy en probeer glimlag, „maar moenie op jou eie iets probeer aanvang waaroor jy later berou gaan hê nie."

Obed kyk hom 'n ruk lank stip aan, knik dan net en draai weg met 'n swaai van die arm as teken van groet. Hy sien Albert en die twee nooientjies op die sypaadjie staan en 'n oomblik verdryf 'n glimlag die stroefheid uit sy aantreklike gesig. Hy kom hulle met veerkragtige tred tegemoet en slaan sy arm in 'n gebaar van verskoning en liefkosing om Tessa.

„Nog tyd vir die fliek?" vra hy asof daar niks ernstiger as 'n verkeersoponthoud was wat hom effens vertraag het nie.

Albert glimlag kopskuddend oor die verbasende manier waarop sy vriend 'n mens kan keer as jy wil probeer uitvis —nog voordat jy enige nuuskierige vraag gestel het. Dit is maar Obed se manier. Hy verraai selde of ooit sy werklike gevoelens en sal nooit uit sy eie praat oor sake waarmee sy stokperdjie, wat reeds sy selfopgelegde lewenstaak geword het, hom in aanraking bring nie. Enige vrae sal hy op knaphandige wyse ontduik en met daardie verbasende waarnemingsin van hom, daardie onfeilbare sesde

sintuig, weet hy vooraf hoe om te keer dat daardie vrae nie gevra word nie.

„Is al te laat," antwoord Tessa met haar blik liefdevol en ietwat bekommerd op Obed gerig.

Hy druk haar 'n oomblik stywer teen hom aan en glimlag waarderend. Hulle verstaan mekaar so goed dat sy nie nodig het om onnodige vrae te vra of opmerkings te maak nie. Hy wonder dikwels of hy nie maar met Tessa moet trou nie. Sy is uitgeknip die vrou vir hom. Sy speurwerk wat hom dikwels in lewensgevaar stel, laat hom egter huiwer. Hy wil haar nie meer kommer besorg as wat hy reeds doen nie. Boonop wil hy alles moontlik doen om haar van leed te vrywaar. Gewetelose skurke het haar reeds gedreig om Obed tot oorgawe te dwing. Haar dapperheid gedurende daardie verskriklike tyd het sy liefde vir haar laat verdiep, maar ook die besef hoe onmoontlik dit vir hulle is om te trou.

„Kom ons gaan maak dan by my 'n drankie," stel Obed voor.

Klara kan egter nie langer haar nuuskierigheid bedwing nie. Sy ken Obed nie so goed soos die ander twee nie en weet dus nie hoe geheimsinnig die beroemde Swerwerspeurder soms kan wees nie. Wat hy wil sê, sal hy sê wanneer die gevaar vir mense wat kennis van die saak dra, verby is en hulle nie daardeur skade aangedoen kan word nie. Dat sy geheimsinnigheid net bedoel is om sy vriende te beskerm, besef Klara egter nie.

„Wat het gebeur?" vra die blondekop ongeduldig voordat hulle Obed se groot Cadillac bereik. Albert probeer haar paai, maar sy trippel tot langs Obed en pluk hom aan die baadjie soos 'n opgewonde kind.

Obed glimlag. „Later," is al wat hy sê en maak dan die agterdeur vir haar oop. Met 'n galante klein buiging beduie hy haar om in te klim. Sy skuur by hom verby met 'n kwaai ruk van haar blonde kop.

Die kragtige motor swiep oor die teerstrate in die rigting van Linden waar Obed binne 'n kwartier voor sy imposante woonhuis—Drie Gewels—stilhou. 'n Groot wolf-



hond spring uitgelate teen Obed op toe hy uitklim en probeer sy baas in die gesig lek. Obed lag en pluk die hond spelerig met sy sterk regterhand aan die los nekvel rond.

„Ho-nou, Jagter, oubaas se honne!" paai hy en probeer wegkoes vir die lekkende tong. „Toe nou, dis nou genoeg, hoor. Groet die mense mooi," beveel hy sag en die groot hond loop stertswaaiend om die motor.

Die huis se voordeur gaan oop en 'n jong loer oor die verligte stoep na die groepie. Sy gesig verhelder in 'n breë glimlag toe hy sien wie dit is. Hy tree by die deur uit en wag met vriendelik glinsterende oë dat die groepie moet binnekom.

„Hoe lyk dit, Amos?" vra Obed. „Alles reg?"

„Alles reg, baas," kom die antwoord dadelik en dit is duidelik dat die ou naturel baie bly is dat Obed nie weer op die jag agter misdadigers uit is nie, maar 'n rustige aandjie tuis gaan deurbring. As hy verbaas is dat die baas so vroeg terug is, nadat hy uitdruklik gesê het dat hy bioskoop toe gaan, laat die jong niks merk nie. As hy moet weet, sal die baas hom sê, besef hy na jare se troue diens in Obed se huis.

Sodra almal bedien is, gaan Obed langs Tessa op die bank sit. Hy gee haar hand so 'n drukkie en hulle glimlag in mekaar se oë. Sy lees die boodskap in sy blik en haar hart krimp ineen. Van nou af sal Obed weer 'n vreemdeling vir haar wees. Hoe lank hy haar in kwelling gaan laat lewe, sal afhang van hoe gou hy sy vriend se moordenaars opspoor. Woordeloos bid sy dat dit gou en sonder ernstige gevaar vir hom moet geskied.

„Nou ja," begin Obed, „voordat Albert sy eie nooi vir 'n hartaandoening moet behandel, sal ek seker moet vertel wat gebeur het."

Hy kyk glimlaggend na die pruilende Klara en daar is 'n spotklankie in sy stem. Meteens verstrak sy gesig egter en 'n oomblik staar hy stilswyend voor hom uit asof hy weer die toneel in Coen de Braal se groot juwelierswinkel voor sy nougetrokke oë sien. Die ander wag in spanning, geraak deur die emosies wat Obed se sterk, manlike gesig

in 'n stroewe masker laat verander, selfs onderwyl daar nog 'n glimlag om sy mond gespeel het.

„'n Bende blankes—vier of vyf, dink ek, sover ek van oubaas De Braal se deurmekaar beskrywing kan aflei—het 'n gat deur die winkel se agtermuur gegraaf en die diefalarm buite werking gestel. Hulle het nie geweet dat sowel Coen as Roelf laat besig was met voorrade opskryf nie en het reeds die groot brandkluis van juwele en los diamante ter waarde van etlike duisende ponde gestroop, voordat Roelf hulle gewaar het."

Obed bly weer stil en vryf oor sy oë asof hy 'n afgryslike toneel wil uitwis. Hy sug effens. „Roelf het die rewolwer wat hy altyd in sy binnesak dra, probeer uitpluk, maar een van die bende het hom koelbloedig doodgeskiet voordat hy die wapen kon uitruk. Coen het die skoot gehoor en uit sy kantoor gehardloop. Hy is van agter af oor die kop geslaan. Die bende het daarna nog die brandkas van alle kontantgeld beroof en weer deur die gat in die muur laat spat. Die aanwesigheid van die twee mans het hul planne omvergegooi en die skoot het hulle hals-oor-kop te werk laat gaan. Etlike los diamante het in die winkel rond bly lê, maar hulle was onverskrokke en waaghalsig genoeg om nie sonder die geld te laat spat nie."

„Dit was seker hulle wat byna die vrou doodgery het," sê Albert toe Obed stilbly.

„Moes wees," reken die ander en bly dan weer nadenkend stil.

„Hoe het jy agtergekom dat hulle by De Braal se winkel ingebreek het?" verneem Albert.

„Hy het uitgestrompel gekom toe ek by die winkel opdaag. Ek het hom binnegeneem en onsamehangend het hy my die storie vertel onderwyl ek die polisie skakel. Hy het gevra dat ek die bende moet opspoor en die boef wat Roelf so koelbloedig vermoor het aan hom moet uitlewer."

„Hoekom?" vra Klara verbaas.

Obed kyk met 'n effense glimlag na haar. „Jy het gehoor wat Ekkie gesê het," antwoord hy en Klara se gesig verbleek.



„Gaan . . . gaan jy . . . hom soos . . . 'n hond doodskiet?" fluister sy hees en staar met groot oë na Obed.

„Verdien hy dit dan nie?" kom dit byna ru van die jong man. Dan verslap die streng, meedoënlose trek om sy mond. „Ek glo nie ek sal enigiemand koelbloedig kan doodskiet nie," gaan hy sag voort. „Al verdien hy dit ook. En hierdie vent verdien dit dubbeld en dwars."

Albert kry sy vriend diep jammer. Hy besef hoe Obed voel en die moegheid in sy stem toon duidelik hoeveel die man hom moet inspan om sy emosies te bedwing. Hy staan op en steek sy hand na Klara uit.

„Slapenstyd, nooientjie," sê hy en toe sy wil teëstribbel skud hy sy kop. Dan rig hy hom tot Tessa : „Kan ek jou gaan aflaai?"

Voordat sy kan antwoord, is Obed op sy voete en met 'n lag wat verbasend sorgeloos klink, sê hy : „Mag ék die eer hê?" Hy buig galant voor haar.

Sy speel dadelik saam en met opgetrekte wenkbroue oorweeg sy kamma die saak. Dan knik sy ietwat vanuit die hoogte, staan op en steek haar hand vlakkies deur die waai van sy arm.

„En waarmee was jy miskien van plan om die nooientjies huis toe te neem?" verneem Obed tergend. „My nooientjie ry wrintie nie saam met jou bus in die openbaar nie."

Albert se gesig lyk so verslae dat albei meisies hardop lag. Al gekskerend stap hulle uit en dié stemming duur voort totdat Obed vir Albert en Klara aflaai. Daarna probeer Tessa nie juis die stemming volhou nie. Obed dwing haar egter met allerlei gekorswil om nie ernstig te word nie. Hy soen haar vlugtig toe hy haar tuis aflaai en voordat sy nog iets kan sê, is hy al weer vort.

Hy ry nie huis toe nie. 'n Paar minute later hou hy voor 'n koerantgebou stil en stap vinnig met die trappe op na die redaksie-kantore. Soos hy verwag het, sit sy ou koerantvriend, Jan Wiese, nog voor sy tikmasjien waarop hy met sy twee wysvingers verbasend snel 'n berig uitkap. Jan gewaar hom, kyk 'n oomblik glimlaggend op en gaan dan weer aan nadat hy 'n verskoning gemompel het. Hy

trek die velletjie uit die masjien, skiet dit in 'n mandjie en kyk dan met 'n ernstige gesig na sy vriend.

„Dis nie om dowe neute dat jy hierheen kom nie," sê hy. „Ek weet jy sal my nou weer die hele liewe nag uit die werk uithou en my tien keer harder laat swoeg as wat ek gewoonweg sou . . . maar, ag . . . vriende!" Hy sug en gooi sy hande melodramaties omhoog. Die erns in Obed se gesig laat hom egter regop sit en hy vra : „Wat skort, ou vriend?"

Obed vertel hom kortliks. Jan fluit en begin dadelik aantekeninge maak. Obed laat hom begaan en stel eers sy versoek wanneer die verslaggewer die gegewens volledig neergeskryf het. Dan vertel hy iets wat hy tot dusver verswyg het : Coen de Braal het sy seun se moordenaar herken voordat hy oor die kop geslaan is. Toe Obed die kêrel se naam noem, steier Jan in sy stoel asof iemand hom geskop het.

„Wat!" roep hy oorbluf uit. „Boet Lamans!" Hy bly verslae stil, sy gedagtes besig met die geskiedenis van hierdie rykmanseun wat die leier van 'n bende wilde eendstert-tipes in die Goudstad geword het.

Boet Lamans se pa is 'n groot boer in die omgewing van St. Lucia en het sy seun sowat vier jaar gelede na die Witwatersrandse Universiteit gestuur om vir dokter te studeer. Boet het egter onder roekelose maats verval en was spoedig die leier van 'n bende kwajongens wat gedurig met die polisie slaags was. Hulle kon egter nooit aan 'n misdaad skuldig bevind word nie, totdat Boet een aand saam met 'n meisie in 'n gesteelde motor betrap is.

Nadat die jong man sy straf uitgedien het, is hy terug na sy ouers. Sy vader wou hom eers onterf, maar Boet het hand en mond beloof dat hy voortaan 'n ordentlike lewe sal lei. Hy het op die plaas begin boer en blykbaar sy wilde streke verruil vir 'n eerbare bestaan. Sover die algemene publiek weet, was hy nog steeds op die plaas. Die moord op Roelf de Braal het egter bewys dat Boet weer losgebreek het en hierdie keer die verskriklikste



misdaad begaan het waaraan die gemeenste boef hom skuldig kan maak : koelbloedige moord!

Jan skud sy kop en staar na Obed. Net soos Obed se ander vriende, kan hy raai wat agter die beroemde Swerwer-speurder se stroewe gelaat aangaan. Sonder om uit te vra, staan hy op, gee sy aantekeninge met 'n kort verduideliking aan 'n ander verslaggewer en wink Obed om hom te volg. In die biblioteek haal hy lêers oor Boet Lamans en almal wat, sover vasgestel kon word, aan sy destydse bende behoort het, te voorskyn. Van Boet is daar 'n foto, maar van die ander is daar net afdrukke in uitknipsels van berigte wat reeds oor hulle verskyn het.

Obed staar lank na Boet Lamans se foto. Die jong man is lank en lenig. Sy gesig is bedaard, byna weemoedig. Onder die skerp, donker oë staan hoë wangbene uit. Sy hare is dik en swart en 'n los krul hang oor sy voorkop. Vroue sal hom aantreklik vind, maar mans sal weet dat hy 'n gevaarlike kalant is, dink Obed in sy enigheid. Dan lees hy die koerantuitknipsels vlugtig maar deeglik deur en beskou die foto-afdrukke daarin aandagtig.

„Ek sal jou nie die lêers kan laat kry nie," sê Jan verskonend. „Van nou af sal hulle soos goud bewaar moet word. Jy kan egter soveel aantekeninge maak as wat jy wil."

Obed knik. Hy wend egter geen poging aan om dit te doen nie. Alles wat hy moontlik uit die uitknipsels kon wys word, het hy reeds in sy verbasend goeie geheue opgeneem om daar te rus totdat hy dit nodig kry. Sy ervaring, wat hy in die verlede met misdadigers opgedoen het, sy kennis van die sielkunde, sosiologie en kriminilogie, waarvan hy 'n deurtastende na-graadse studie gemaak het, en sy vernuftige verstand is reeds ingespan. Reeds weeg hy snel en sekuur die kennis tot sy beskikking op en tas sy verstand na 'n opening vir die regte optrede.

Hy sit die uitknipsels ingedagte terug in die verskillende lêers, kyk vir oulaas weer stip na Boet Lamans se foto en bedank Jan dan glimlaggend vir sy moeite.